200 Jaar
DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

200 jaar

Dis ’n kerk wat dien

As gevolg van die veranderende demografie van die omgewing bestaan die gemeente tans hoofsaaklik uit meer senior burgers. Dit neem egter niks weg van die ywer en dinamika van ’n gemeente waar God aktief aan die werk is nie.

Die gemeente beskou homself as ’n omgee-gemeente wat uitreik na sy medemense in die omgewing. Die gemeente sien onder andere om na siek en bejaarde gemeentelede, reik uit na gemeentelede in nood en ’n groep vrywilligers besoek elke tweede Saterdag die Helderberg-hospitaal se ongevalle-afdeling en die kinder- en kraamsale. Die gemeente probeer ook om die ouderdomsverspreiding van lidmate te verbeter deur spesifiek na jonger mense uit te reik.

Die Moedergemeente werk ook saam met die Helderberg-gemeente aan ’n groot aantal projekte en uitreike onder die sambreel van Helderberg Uitreik. Onder die plaaslike diensleweringsprojekte tel die dienssentrum, wat kleding en beddegoed aan mense in nood verskaf en daagliks voedsel aan ongeveer 1 200 mense voorsien.

Die Haweloses-projek sluit in hulp en ondersteuning aan onder andere Tereo-skool vir kinders uit ’n probleemagter-grond, Bright Lights-sentrum vir seuns, die Helderberg Street People’s Centre wat onlangs The Thomas House of Hope geword het, en veel meer. Goeie samewerking heers in al hierdie gevalle tussen verskillende kerkgenootskappe.

Die “omgee”-gesindheid word ook uitgeleef deur gereeld sosiaal saam te verkeer en uur lange musiekkonserte van hoë gehalte word gereeld aangebied.

● *Bron: http://ngksomersetwes.co.za, webwerf van die Omgee-gemeente.*

Een van die uitstaande musiekkonserte was die herinwyding van die orrel deur Zorada Temmingh.

Die tweede feesgeleentheid was ’n swierige tuinparty, in die saal, gekenmerk deur pragtige versierings, heerlike eetgoed en swierige hoede.

’n Potjiekoskompetisie het die feesjaar se bedrywighede ingelui. ’n Feestelike atmosfeer het onder die plataanbome langs die kerk geheers en byna 100 etes is verkoop.

Die kerkkantoor se toonbank word gereeld toegepak met gebreide mussies en komberse.

Kerspakkies word elke jaar na verskeie skole gestuur.

’n Aantal vrywilligers van die dienssentrum het gebreide mussies en komberse voor die winter aan die kinders van ’n pre-primêre skool in die omgewing oorhandig.

’n Jaarlikse instelling is die Sop-en-poeding-aand in die middel van die winter.

Die imposante ingang na die kerksaal-kompleks.

Kerksaal dateer van 1958

Die eerste gebou het te klein geword vir sy groeiende ledetal en in Maart 1940 is die hoeksteen vir die huidige kerkgebou deur ds. A.G.E. van Velden gelê.

Saterdag 22 Maart 1941 het ds. P.J. Pienaar ’n afskeidsdiens in die ou kerk gelewer, waarna ’n optog na die nuwe kerkgebou gehou is, gevolg deur die plegtige inwyding.

Ná ds. Van Velden het nog 15 predikante tot dusver in die gemeente gedien.

Die huidige leraars is ds. Johan van Niekerk (sedert 3 Junie 2007) en ds. Fourie Rossouw (sedert 1 Desember 2017).

Vyf gemeentes het uit die gemeente afgestig – Strand (1912), Grabouw (1934), Gordonsbaai (1952), Helderberg (1969) en Hottentots-Holland (1976).

Die kerksaal is 1 Augustus 1958 feestelik in gebruik geneem en word deesdae steeds baie goed benut vir kerksake en ook deur buite-instansies soos die bloeddiens.

’n Onlangse foto van die kerkgebou, wat geneem is nadat die palmbome verwyder is.

CROUS
CONSTRUCTION
PASSIONATE ABOUT HOUSES
Baie geluk met jul 200 bestaansjaar, mag God julle bediening ryklik seen!
X1VMCXTH-DP150819

BAIE GELUK MET JULLE
200STE BESTAANSJAAR!
SECURE RITE
SECURITY
086 010 3099
0000000-DP150819